



NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA
Sinode van Wes-Kaapland

SINODALE KANTOOR

De Langestraat 5
BELLVILLE
7530

Privaat sak X8
BELLVILLE
7535

PBO: 9300 13251

T 021 957 7100

E ngkadmin@kaapkerk.co.za

www.kaapkerk.co.za

27 September 2017

Aan al die predikante en voorsitters van kerkrade in die Sinode van Wes-Kaapland

BESLUIE VAN DIE MODERAMEN: 29 EN 30 AUGUSTUS 2017

Die Moderamen van Wes-Kaapland het 29 en 30 Augustus in Bellville vergader. Dit was 'n baie geseënde vergadering waarvan die bespreking en besluitneming deurgaans op 'n hoë vlak geskied het. U sal opmerk dat hierdie skrywe meer as net die besluite van die moderamen bevat. Die moderatuur het besluit om die hele notule (die administratiewe deel van die vergadering uitgesluit) aan u te stuur sodat u 'n goeie oorsig kan kry oor die werksaamhede van die sinode. U sal verder opmerk dat daar verwys word na 'n hele aantal bylaes. Om onnodige groot e-posse te voorkom, stuur ek nie die bylaes saam nie. Indien u egter enige van die bylaes verlang, kan u slegs vir ons 'n e-pos stuur en aandui wat u graag wil hê.

6 VERSLAG VAN DIE SKS

Gielie Loubser, voorsitter van die SKS, lei die verslag in en verduidelik die doel van die navorsingspiraal en die waarde daarvan vir die sinode.

6.1 NAVORSINGSTRATEGIE

BYLAAG 3

Die Diensgroep vir Toerusting en Navorsing het hard gewerk om sinergie te bewerkstellig tussen navorsing, opleiding en begeleiding in die kerk. Frederick Marais stel die navorsingstrategie wat aan die hand hiervan ontwikkel is aan die moderamen bekend. Die strategie is ontwerp om hoop te skep vir uitdagings wat op enige plek in die sinodale sisteem kan ontstaan. Die strategie wil die kerk help om in 'n vasgeloopte situasie hoopvolle uitkomst en oplossings te vind.

Die moderamen neem kennis van die verslag.

6.2 KLEIN GEMEENTES

BYLAAG 4

Die moderamen is geruime tyd al besorg oor die stand van klein gemeentes in die sinodale gebied en wat gedoen kan word om hulle by te staan sodat daar steeds 'n volhoubare missionale bediening kan plaasvind. Die Diensgroep vir Toerusting en Navorsing en die Diensgroep vir Gemeentebegleiding is versoek om navorsing te doen oor die unieke uitdagings wat klein gemeentes in die gesig staar en hoe die druk daarvan op die predikante van sulke gemeentes impakteer. Frederick Marais verduidelik hoe die navorsingspiraal nou toegepas word op die probleem van klein gemeentes en hoe dit in praktyk funksioneer. Die vergadering ontvang dit met waardering, neem kennis van die teoretiese navorsingsmetodiek en bespreek die potensiaal van die taakspan om gemeentes hierin by te staan. Boy van Rensburg belig die feit dat hierdie strategie die uniekheid van elke konteks ondervang. Frederick Marais wys daarop dat hierdie metodiek die potensiaal het om 'n unieke navorsingskultuur oor die hele spektrum van die sinodale werksaamhede – tot in gemeentes te vestig.

Die moderamen neem kennis van die verslag.

6.3 STRATEGIE VIR EVANGELISASIE

BYLAAG 5

Die moderamen neem kennis van die verslag.

Die diensgroep is van mening dat 'n duidelike en doelgerigte evangelisasiestrategie nie noodwendig al die antwoorde verskaf nie en dat deeglike ondersoek en navorsing hieroor gedoen moet word. Die moderamen word versoek om die vraagstuk duideliker te benoem en die versoek helderder te formuleer. Dit sal ook help as die moderamen uitklaar wat bedoel word met die begrip: "evangelisasie".

Die vergadering bespreek die onderwerp in die tafelgroepe. Die volgende opmerkings word aangeteken:

- Die "taal" waarin die evangelie verpak word is belangrik vir die geslaagdheid van evangelisasie. Die kerk moet onthou dat die randfigure van die samelewing, die teikengroep van evangelisasie, nie kerk- en teologiese taal verstaan nie.
- Daar moenie geskroom word om te sê dat evangelisasie oor bekering en vernuwing gaan nie en dat dit mense moet bring by 'n radikale keuse vir Christus.
- Daar het in die gereformeerde wêreld 'n terughoudendheid ontwikkel om te praat oor evangelisasie, oor die transformerende krag van vergifnis, oor die bevryding van 'n sondige verlede.
- Evangelisasie gaan oor die oordra van die goeie nuus. Hierdie goeie nuus het 'n antwoord vir alle mense in verskillende kontekste.
- Evangelisasie gaan nie primêr oor kerkgroei en die vermeerdering van lidmaatgetalle nie. Dit gaan oor die oordra van die goeie nuus wat die wêreld transformeer.
- Die tipiese EE3-model van evangelisasie is nie meer die antwoord nie. Die bou van verhoudings is die sleutel in suksesvolle evangelisasie.
- Evangelisasie kan nie slaag vanuit 'n meerderwaardige posisie van: "ons het al die antwoorde" nie, of "ek het iets wat jy nie het nie".

BESLUIT 2017/16

Die moderamen

1. bely dat gemeentes geroep word om in woord en daad te getuig van die goeie nuus dat Jesus die Here is van hulle omgewing.
2. gee opdrag dat 'n interdiensgroeptaakspan vir evangelisasie (bestaande uit verteenwoordigers van die Diensgroep vir Getuienis, die Diensgroep vir Gemeentebegeleiding en die Diensgroep vir Toerusting en Navorsing) die volgende vergadering met eksperimentele materiaal bedien – wat gemeentes kan gebruik om hulle lidmate vir hierdie taak toe te rus.
3. versoek dat die materiaal ontwikkel word binne ten minste die volgende raamwerk:
 - 3.1 Ons getuig van die liefde van God die Vader vir sy hele skepping.
 - 3.2 Ons getuig van die hart van die evangelie: Jesus Christus is die Here, Hy het opgestaan, Hy is opgewek en Hy het opgevaar na die hemel. Ons getuig dat dit ons lewens direk raak.
 - 3.3 Ons getuienis geskied in die krag en onder inspirasie van die Heilige Gees.
 - 3.4 Ons getuienis, waarvan geloofsgesprekke deel vorm, is gerig op ontmoeting met Christus en met 'n nuwe toewyding aan Hom.
 - 3.5 Ons getuienis geskied onder die indruk van die implikasies wat 'n keuse vir Christus vandag het.
 - 3.6 Ons getuienis is kontekstueel. Ons moet seker maak ons verstaan goed met wie ons te doen het in ons getuienis: Wat is die ander se agtergrond, omstandighede en diepste nood?
 - 3.7 Ons getuienis word gedra deur 'n passie vir groter heelheid, herstel, vryheid en vrede vir medemense.
 - 3.8 Ons praat nie uit die hoogte met mense nie. Ons is óók brose mense wat deur God verwelkom is.

- 3.9** Ons getuienis is nie veroordelend nie, maar omarmend.
- 3.10** Ons getuienis is dringend, nie omdat ons getuig vanuit vrees nie, maar vanuit die oortuiging dat Christus leef, regeer en weer sal kom.

6.4 DIENSGROEP VIR ONDERSTEUNING

BYLAAG 6.1

Die moderamen neem kennis dat Guillaume Smit as voorsitter van die diensgroep bedank het. Die posisie is tans vakant. *Die moderamen neem kennis van die verslag.*

6.4.1 Sinodale Taakspan vir die Argief

BYLAAG 6.2

Die Argief lewer 'n betekenisvolle diens aan die kerk en aan mense regoor die land. Baie navrae, ook vanuit die algemene publiek, word van regoor die land ontvang. Daar is ook baie besoekers op die webblad van die Argief. Daar is tans 'n vakature vir die pos van hoofargivaris. *Die moderamen neem kennis van die verslag.*

6.4.2 Sinodale Taakspan vir Diensverhoudinge

BYLAAG 6.3

Die moderamen spreek waardering vir die baie goeie professionele werk wat deur hierdie taakspan gelewer word en die kantoor se dienste. Die voorsitter bedank vir Kenny Raats vir die hoogs bekwame en professionele diens wat hy en sy kantoor lewer. *Die moderamen neem kennis van die verslag.*

6.4.3 Sinodale Taakspan vir Eiendomme

BYLAAG 6.4

Die moderamen spreek dank en waardering uit vir die voorsitter Dirkie van Niekerk se rol in die taakspan. *Die moderamen neem kennis van die verslag.*

6.4.4 Sinodale Taakspan vir Fondse en Administrasie

BYLAAG 6.5

Die sinode se geouditeerde finansiële state (soos op 28 Februarie 2017) is op 31 Julie 2017 deur die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie goedgekeur. 'n Skoon audit is weereens ontvang. Bossie Minnaar gee 'n oorsig oor die stand van die sinode se finansies soos op 28 Februarie 2017.

- Die totale bates van die sinode het met 4,1% van R363 607 236 tot R378 474 491 toegeneem.
- Testamentêre bemakings het met 8,5% gegroei tot 'n totale belegging van R48 772 755.
- Alhoewel die eiendom teen R39,3 miljoen in die finansiële state aangetoon word, beloop die versekeringswaarde van die bates tans R1 868 425 374,89 (R1,9 miljard).
- Die direkte inkomste van die sinode (inkomste buiten beleggingsinkomste) het met 6,5% gestyg en die totale inkomste het met 12,2% van R68 537 115 tot R76 887 893 toegeneem.
- Die totale uitgawes van die sinode het met 8,5% toegeneem.
- Wat die diensgroepe se bedryfsrekening betref het die totale inkomste (diensgroepe se bedryfsrekening) met 2,8% gestyg, terwyl die uitgawes met 1,6% gestyg het. Bydraes en kollekte het met 4,2% gestyg.
- Die totale vergoeding van sinodale personeel het met slegs 0,8% toegeneem (van R20 233 446 tot R20 385 356). Hierdie besparing is hoofsaaklik die gevolg van herstrukturering. Vergoeding beloop steeds 53% van die diensgroepe se uitgawes.
- Die administrasie-uitgawes van die sinode het met 3,4% afgeneem.
- Die sinode se onthaalrekening het met 13,8% afgeneem.

Die Sinodale Taakspan vir Finansies en Administrasie versoek die moderamen om aan die taakspan die volmag te verleen om, soos in die vorige ses jaar, die sinodale-aandeeltabel te verlaag.

BESLUIT 2017/17**Die moderamen**

1. neem kennis dat die Sinodale Taakspan vir Fondse en Administrasie die moontlikheid van 'n wysiging aan die sinodale-aandeeltabel voorsien. Dit sal gemeentes se sinodale-aandeel vir 1 Maart 2018 tot 28 Februarie 2019 effens verlaag.
2. magtig die Sinodale Taakspan vir Fondse en Administrasie om die sinodale-aandeeltabel te verlaag, sou dit uit die geouditeerde finansiële state van gemeentes blyk, dat dit binne die sinodale begroting moontlik is.

Die voorsitter vestig die aandag van die vergadering op die omvangryke genade van die Here wat onder andere reflekteer in die gesonde finansiële posisie van die kerk in die Sinode van Wes-Kaapland. Hy bedank Bossie Minnaar en die taakspan vir hulle goeie werk.

Die moderamen neem kennis van die verslag.

6.4.5 Sinodale Taakspan vir Kommunikasie**BYLAAG 6.6**

Die voorsitter bedank Marieta Visagie en Salomie Steenkamp vir hulle deeglike en professionele werk in die kommunikasiekantoor van die sinode. *Die moderamen neem kennis van die verslag.*

6.4.6 Taakspan vir Erf 579, Franschoek**BYLAAG 6.7**

Die moderamen neem kennis van die verslag.

BESLUIT 2017/18

Die moderamen herbevestig sy opdrag aan die taakspan om 'n ondersoek te doen na die beste waarde-ontsluiting van Erf 579, Franschoek, tot voordeel van die NGK in SA, met verslag aan die moderamen in Maart 2018. Die taakspan bestaan uit Bossie Minnaar, Charl Stander en Quintus Heine.

6.5 DIENSGROEP VIR TOERUSTING EN NAVORSING

Frederick Marais bied die verslag aan.

6.5.1 Colloquium - Kerkgerigte Navorsing**BYLAAG 7.1**

Die navorsingsmetodiek wat gevolg word is aan die vergadering bekend gestel tydens die voorlegging oor klein gemeentes

Die moderamen neem kennis van die verslag.

6.5.2 Taakspan vir Dissipelvorming**BYLAAG 7.2**

Die moderamen neem kennis van die verslag.

6.5.3 Hugenote Kollege**BYLAAG 7.3**

Die moderamen neem kennis van die verslag.

6.5.4 Verslag van die Kuratorium**BYLAAG 7.4**

Die prosedure waarvolgens studente van die NG Kerk toegelaat word, word belig. Alle studente wat teologie kom studeer met die oog op 'n bediening in die NGK moet registreer as teologiese student by die Seminarium. Hierdie registrasie vind plaas op grond van 'n kerklike keuringsproses. Daar word ook 'n proses ontsluit waarvolgens persone wat reeds in diens van gemeentes is, kan kwalifiseer as hulpleraars. Die Algemene Kuratorium moedig persone wat in diens van gemeentes is aan om te kwalifiseer as hulpleraars. Belangstellendes kan die Kuratorium kontak sodat hulle

keurings- en moontlike aanvullende opleidingsprosesse in plek kan wees met die verwagte inwerkingstelling van die amp van hulpleraars na die Algemene Sinode van 2019.

Die moderamen neem kennis van die verslag.

6.5.5 Taakspan vir die Seisoen van Menswaardigheid

BYLAAG 7.5

Die moderamen neem kennis van die verslag.

6.5.6 Teologiese Seminarium

BYLAAG 7.6

Die moderamen neem kennis van die verslag.

6.5.7 Verslag van die Sinodale Taakspan vir Leer en Aktuele Sake

BYLAAG 7.7

STLAS reël in samewerking met die Ring van Bellville 'n gespreksgeleentheid oor die onlangse hofuitspraak oor godsdiens in skole. Die spreker is mnr Paul Colditz, die hoof uitvoerende beampte van FEDSAS (Federasie van Beheerliggame van Suid-Afrikaanse Skole). STLAS beplan om na afloop daarvan 'n inligtingstuk saam te stel wat aan al ons gemeentes gestuur sal word. Die fokus van die inligtingstuk sal handel oor die praktiese implikasies van die hofuitspraak ten opsigte van godsdiens by skole en die betrokkenheid van gemeentes by skole.

Die moderamen neem kennis van die verslag.

6.5.8 VBO

BYLAAG 7.8

Die moderamen neem kennis van die verslag.

6.5.9 Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit

BYLAAG 7.9

Die bestuursraad van die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit het goeie vordering gemaak met die oprigting van die sentrum. Sedert die moderamenvergadering van Maart 2017 het die volgende verwickelinge plaasgevind in die ontwikkelingsproses van die sentrum. Die konseptualisering van die planne is grootliks gefinaliseer binne 'n beraamde raamwerk van tussen R8 miljoen en R9 miljoen. Fase 1 koshuis met en suite + Clairvaux. Die professionele diensverskaffers, KUNST Architecture & Interiors en LWA Bourekenaars is aangestel. Op 9 Mei is die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit amptelik geloods by 'n formele bekendstellingsgeleentheid. Ongeveer 60 mense het die geleentheid bygewoon, waaronder verskeie verteenwoordigers uit gemeentes.

Die insette van die historiese erfeniskomitee is bekom en verreken in die finalisering van die planne. Die finale aansoek is reeds by die Wes-Kaapse Erfenisraad vir goedkeuring ingedien. Die finale planne is ook by die Drakenstein Munisipaliteit vir goedkeuring ingedien. Tans is die argitek en bourekenaar besig om die tenderdokumente voor te berei sodat die projek teen einde Augustus op tender kan uitgaan. Die bestuursraad hoop om teen einde 2017 kontrakteurs vir die projek aan te stel. Die behoefte aan 'n navorsingsentrum by die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit het die bestuursraad genoop om die ontwikkeling van Clairvaux in te sluit by fase 1 van die projek sodat dit so spoedig moontlik in gebruik geneem kan word. Die kapel vorm nie deel van fase 1 nie, maar daar is 'n fonds geopen om fondse te genereer sodat hierdie ontwikkeling so spoedig moontlik in fase 2 gedoen kan word.

'n Bedryfsplan is opgestel en dit blyk dat 'n 12,5% bedbesetting (dit wil sê 'n bedbesetting van 1 460 bednagte per jaar) teen R550 per persoon per nag voldoende sal wees om die bedryfsuitgawes te verhaal.

Die programkomitee is deurlopend in gesprek met die onderskeie diensgroepe en taakspanne oor die ontwikkeling van 'n program vir die sentrum. 'n Konsep vir 'n moontlike program waarvolgens die sentrum kan funksioneer is reeds ontwikkel. Dit gee 'n teologiese begroning vir die program, asook 'n praktiese uiteensetting van hoe 'n tipiese driedagprogram of 'n weekprogram sou kon lyk. Die voorstel lig ook uit hoedat diensgroepe en taakspanne se deelname aan die sentrum behoort te lyk. Dit is belangrik dat taakspanne en diensgroepe sal moet aanpas by die sentrum se lopende program en ritme, sonder om hulle eie agendas op te skort.

Die bestuursraad bestaan uit Frederick Marais (voorsitter), Willie van der Merwe (ondervoorsitter) Charl Stander (skriba), Marié Brits, Bossie Minnaar, Herman Bailey, Nelis Janse van Rensburg en Dawie Theron.

Die volgende belangrike besluite is ten opsigte van die finansiering van die projek geneem.

BESLUIT 2017/19

Die moderamen neem kennis van die volgende besluite van die Sinodale Taakspan vir Fondse en Administrasie:

1. Die STFA neem met dank kennis van die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit se Bestuursraad se beplanning en streng begrotingsbeheer ten opsigte van die ontwikkeling van die Sentrum vir Spiritualiteit.
2. Die STFA het die opdrag om onder andere toe te sien
 - 2.1 dat die sinode se fondse so bestuur word dat die roeping van die sinode prioriteit geniet en
 - 2.2 dat die sinode se fondse so bestuur word dat gemeentes, diensgroepe en taakspanne in staat gestel word om hulle roeping uit te leef.
3. Die STFA is oortuig dat die Sentrum vir Spiritualiteit en die beoogde ontwikkeling van die Samuel-kampus tot 'n Sentrum vir Spiritualiteit aan hierdie vereiste voldoen en verleen gevolglik toestemming dat Fase 1 van hierdie projek kan voortgaan.
4. Die STFA versoek die Bestuursraad van die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit om kennis te neem van die STFA se Besluit 23/17.3 waarin versoek is dat die boukontrak se bewoording die finansiële risiko van die NG Kerk in SA moet beskerm.
5. Die risiko vir die Kerk met betrekking tot finansiële aanspreeklikheid moet duidelik omskryf word. Ds. Minnaar, mnr. Van Schalkwyk en mnr. Van Niekerk moet spesifiek aandag gee aan die korrekte bewoording van die boukontrak en met 'n voorstel na die volgende vergadering kom. De Klerk & Van Gend moet ook betrek word.
6. Die Bestuursraad van die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit word dus versoek om die STFA se aangewese taakspan te raadpleeg voordat die boukontrak geteken word.
7. Kragtens Besluit 2016/16.4 van die moderamen word die Taakspan vir Spiritualiteit versoek om die STFA se antwoord, saam met die van die Kuratorium, aan die moderamen voor te lê.

BESLUIT 2017/20

Die moderamen neem kennis van die volgende besluit van die dagbestuur van die Kuratorium op 28 Augustus 2017: dat hulle met instemming kennis neem van die besluite van STFA van 25 Augustus 2017. Die dagbestuur bevestig dat R8 miljoen uit reserwe fondse bewillig word vir die ontwikkeling van die AMSS.

6.6 COMMUNITAS – DIENSGROEP VIR GEMEENTEBEGELEIDING

Gielie Loubser hou die verslag aan die vergadering voor en stel waar nodig van sy kollegas aan die woord.

6.6.1 Taakspan vir Predikantebegeleiding

BYLAAG 8.1

Theunis Botha gee erkenning aan sy voorganger Pierre Goosen vir die nalatenskap wat hy gevestig het. Hy bedank die lede van die vergadering vir die vertroue wat in hom gestel is en onderneem om alles moontlik te doen om die oogmerk van die moderamen met hierdie taakspan te laat slaag. Hy beskou dit as 'n voorreg om deel van die Communitasspan te word.

Theunis vestig die aandag op die groot en belangrike werk wat dominees in gemeentes verrig en vra sensitiwiteit daarvoor dat baie dominees getraumatiseerd is. Van die redes is die geweldige pastorale uitdagings waarmee hulle te kampe het, die druk waaronder hulle verkeer omdat mense baie en uiteenlopende verwagtinge van hulle het, die finansiële wurggreep waarin sommige gemeentes verkeer, asook die kritiek en argwaan wat hulle van lidmate moet verduur oor die besluite van die Algemene Sinode in 2015 en 2016.

Die moderamen neem kennis van die verslag.

6.6.2 Taakspan vir Nuwe Geloofsgemeenskap Ontwikkeling (NGGO)

BYLAAG 8.2

Die moderamen neem kennis van die verslag.

6.6.3 Taakspan vir Vrouebediening

BYLAAG 8.3

Ankia du Plooy beklemtoon dat die fokus van die taakspan is om saam met vroue op 'n geloofsreis te gaan en veilige ruimtes te skep waar hulle hulle pyn en hartseer kan deel. Die taakspan wil vroue help om as gelyke vennote saam met ander hulle plek in die samelewing in te neem.

Die moderamen neem kennis van die verslag.

6.6.4 Taakspan vir Jeug en Familiebediening

BYLAAG 8.4

Andriette de Ridder wys daarop dat die vraagstuk van jeugbediening nie net op die sinodale taakspan se tafel is nie, maar ook op die van ringe en gemeentes.

Die moderamen neem kennis van die verslag.

6.6.5 Strategie vir die bediening van naskoolse jeug / jong volwassenes

BYLAAG 8.4

Navorsing van die Barna Instituut en spesifiek van David Kinnaman in sy boek "you lost me" wys dat daar in die VSA ongeveer 60% jongmense tussen 20-35 jaar is wat in die kerk grootgeword het en dan die kerk (en selfs) geloof verlaat. Hierdie groep kan verdeel word in:

Prodigals (ongeveer 10%) wat seergekry het in die kerk of wat meen die christelike geloof nie vir hul sin maak nie. Hulle verlaat die geloof.

Nomads (ongeveer 50%) wat somtyds die kerk besoek, maar dit nie as 'n belangrike, relevante deel van hulle lewens ag nie.

Exiles (ongeveer 40%) wat meen die kerk help hulle nie met hulle roeping (en beroep) in die wêreld nie.

Ander resultate van die navorsing toon dat die jongmense wat in die kerk gebly het (en bly glo het), dit doen omdat hulle:

- geleenthede gekry het om oor moeilike onderwerpe te gesels.
- die relevansie van die Bybel vir vandag ontdek het.
- egte verhoudings met medegelowiges en mentors het.
- hul roeping ontdek het en 'n verskil maak met hul gawes.
- in gemeentes is waar hulle volledig deel is en diensbaar is.

Die vraag is hoe lyk die bediening aan/deur jong volwassenes egter in Suid Afrika en hoe help ons die NG Kerk in Wes Kaap om hieroor te dink en goeie bedieningspraktyke te ontwikkel? Die

taakspan se strategie is om die energie van die jongpredikantegroep te gebruik en 'n leergemeenskap te stig, wat navorsing sal doen, gesprekke sal voer, "best practices" sal soek en nuwe idees sal toets. Hulle sal terugvoer gee aan die moderamen oor die volgende twee jaar. Dit sal ons help om te dink oor hoe ons die bediening aan en deur jong volwassenes kan inrig, asook hoe dit die jeugbediening in gemeentes impakteer en die groter kerk gaan vorm. Gelyktydig sal daar ook 'n netwerk vir familiebediening gevorm word.

Die moderamen neem kennis van die verslag (punt 11).

6.6.6 Taakspan Gemeentebegeleiding

BYLAAG 8.5

Die moderamen neem kennis van die verslag.

6.7 DIENSGROEP VIR GETUIENISAKSIE

BYLAAG 9

Jan Grobbelaar hou die verslag voor.

Die moderamen neem kennis van die verslag.

6.8 DIACONIA

BYLAAG 10

6.8.1 Nioma Venter lewer verslag oor die werksaamhede van Diaconia. Vroeëkindontwikkeling realiseer nou as 'n beweging in gemeentes. Sedert November 2016 is daar 66 geaktiveerde speelgroepe waarby 800 kinders betrokke is. 'n Nuwe befondsingsiklus en voortgesette vennootskap met SmartStart het in Julie 2017 begin. Daar is op 'n doelwit van 'n verdere 146 groepe teen Julie 2018 ooreengekom. Diaconia se strategie is dat Vroeë Kindontwikkeling nie weer 'n projek buite-om gemeentes is nie, maar baie doelbewus vanuit die gemeente.

6.8.2 Die Suid-Kaapramp het 'n unieke geleentheid vir Diaconia geskep om sy roeping en getuieis konkreet uit te leef. Diaconia het 'n ondersteunende en strategiese rol gespeel in die organisering van hulpverlening. 'n Rampfonds is gestig. Die Ring van George het hulself aangebied en is gemobiliseer om ramphulp te koördineer. 'n Taakspan Ramphulp onder leiding van Diaconia is saamgestel, bestaande uit die diensgroepe Toerusting, Gemeentebegeleiding en Ondersteuning. Die feitlik totaal geaffekteerde Ring van Knysna is na twee weke in die trauma meer direk betrek by besluitneming oor verdeling en aanwending van fondse en gekonsulteer ten opsigte van brandpunte vir trauma intervensie. Dit is oorweldigend om te beleef hoeveel gemeentes, ringe, sinodes, organisasies en individue hulle harte en hande oopgemaak het vir die rampgeteisterde gebied. R2,6 miljoen is by die rampfonds van die Suid-Kaapramp inbetaal. Alle verdelings van uitbetalings uit die fonds is en word steeds in ringsverband geneem.

6.8.3 Die vergadering bespreek die omvangryke impak van die huidige droogte in die Wes-Kaap. Diaconia het hier 'n belangrike rol om te vervul, veral om 'n strategie te bedink oor hoe die kerk 'n sinvolle bydrae kan lewer ten opsigte van droogtehulp en ondersteuning.

Die moderamen neem kennis.

BESLUIT 2017/21

Die moderamen dra dit aan Diaconia op om die droogtehulpfonds met deurdagte riglyne te laat herleef en 'n strategie te bedink waarvolgens die kerk 'n sinvolle bydrae kan lewer ter ondersteuning van slagoffers van die droogte.

6.9 BADISA

BYLAAG 11

Die moderamen neem kennis van die verslag.

BESLUIT 2017/22**Die moderamen**

1. neem kennis van die dankbaarheid van Badisa teenoor die prinsipaalkerke (NGK en VGK) en plaaslike gemeentes vir hul ondersteuning om te verseker dat Badisa sy werk kon doen.
2. moedig gemeentes en ringe aan om voort te gaan om Badisa se werksaamhede te ondersteun deur hul gebede, betrokkenheid as vrywilligers en finansiële bydraes.

6.10 THE GREAT COMMISSION

6.10.1 Gielie Loubser verwelkom Aaron Makili. Hy vermeld die "twinningprojek" waar plaaslike gemeentes aan gemeentes in Khayelitsha verbind word om saam te reis. Frederick Marais stel Aaron bekend en stel hom aan die woord om die moderamen toe te spreek. Aaron spreek groot waardering uit vir die NG Kerk wat bereid is om met opleiding van pastore behulpsaam te wees. Hy bedank vir Frederick Marais, Gielie Loubser, Braam Hanekom en Charl Stander vir die pad wat hulle die afgelope twee jaar saam met The Great Commission gereis het. "Our experience is that we are one. This bridge is going to take us to a new world." Nelis Janse van Rensburg bedank Aaron vir sy en sy vrou Mavis se besoek en gee ook erkenning aan Danie van Zyl wat oor jare uitsonderlike werk gedoen het en verhoudings gevestig het en brûe gebou het.

6.10.2 The Great Commission Bible Institute

'n Taakspan van die moderatuur is vir 'n geruime tyd met The Great Commission Netwerk in Khayelitsha in gesprek oor nouer samewerking tussen die Commission en die Sinode van Wes-Kaapland. Een van die fokusareas wat uit die gesprekke na vore gekom het, is die ontwikkeling van 'n Bybelskool vir predikante van die Great Commission.

The Great Commission Partnership is deur die Taakspan vir Gemeente Begeleiding ontwerp met die doel om gemeentes kruiskulturele blootstelling te gee. Die vennootskap het ten doel om 'n veilige platform te skep vir gemeentes wat 'n verbintenis met 'n gemeente uit Khayelitsha wil sluit. Die raamwerk vir die vennootskap word as bylaag aangeheg.

BYLAAG 12

Teen einde Julie 2017 het die Bybelskool afgeskop met 'n kursus van die Nehemia Bybel Instituut (NBI) van Bybel-Media. Die kursus sal met suksesvolle afhandeling van 'n kursus aan studente toegang gee tot 'n BTh-graad by die Fakulteit Teologie (US). NBI bied die kursus aan op NQF vlak 5, wat gelykstaande is aan eerstejaarsvlak. Ons is ook tans besig om met die programkomitee van die Fakulteit Teologie gesprek te voer oor die akkreditasie-moontlikhede.

Die volgende rolspelers is betrokke om bogenoemde ideale moontlik te maak:

1. The Great Commission: Hulle is al vir 'n geruime tyd onder leiding van Aaron Makili betrokke by 'n verskeidenheid van samewerkingsprojekte met die NGK of NG gemeentes. Die moderatuur is ook met hulle in gesprek en het reeds 'n memorandum van ooreenkoms met hulle ontwikkel. Opleiding is een van die doelwitte van samewerking. Hulle sal die plaaslike agent vir die kursus wees en die administrasie en logistiek hanteer.
2. Die Nehemia Bybel Instituut verskaf die kursusmateriaal en doen ook die assessering van die werkstukke en ken uiteindelik die sertifikate aan die studente toe. Hulle verskaf ook 'n handleiding aan aanbieders.
3. Ekklesia (Fakulteit Teologie) bou die vennootskap na die Fakulteit Teologie en doen die belyning tussen die NBI-kursus en die moontlike deelydse BTh-graad.

4. VBO: Organiseer mede-opleiers vir die modules; subsidie van R200 per student per module. VBO neem ook verantwoordelik vir die reiskoste van aanbieders. 'n Span van agt NG predikante het hulle verbind om oor die volgende 18 maande op te tree as mede-aanbieders.
5. Communitas: In die breër samewerking tussen die NG Kerk en The Great Commission neem Communitas leiding, onder andere deur die ontwikkeling van vennootskappe tussen gemeentes. Hierdie vennootskap het ten doel om gemeentes van die NG kerk te verbind aan gemeentes van Khayalitsha. Die eerste 12 gemeentes is geïdentifiseer as loodsgroep vir hierdie vennootskappe.

Ons is baie dankbaar vir hierdie eerste treë wat deel vorm van die realisering van ons visie om as missionale kerk deur teologiese opleiding betrokke te wees by geloofsgemeenskappe wat voorheen nie die geleentheid gehad het tot opleiding nie.

Die moderamen neem kennis van die verslag.

7 VERSLAG VAN DIE MODERATUUR

BYLAAG 13

Nelis Janse van Rensburg hou die verslag van die moderatuur aan die vergadering voor. 'n Aantal besluite word geneem, terwyl die vergadering kennis neem van die inhoud van die verslag.

7.1 INLEIDING

Die NG Kerk in Wes-Kaapland funksioneer tans in 'n globale en nasionale omgewing wat onderworpe is aan groot veranderinge en hewige konflik. Ons is deel van 'n groot kerk, 'n wêreldkerk. Maar ons is ook die mense wat die verbeelding van die Heilige Gees moet hê om nuwe moontlikhede van saamleef raak te sien in hierdie uiters uitdagende tye. Ons moet die verbeelding vir 'n alternatiewe wêreld waarin geloof, hoop en liefde heers, ontsluit.

7.2 WÊRELD GEMEENSAP VAN GEREFORMEERDE KERKE (WGGK)/WORLD COMMUNION OF REFORMED CHURCHES (WCRC): LEIPZIG

Die WGGK het van 28 Junie tot 7 Julie 2017 sy sewe-jaarlikse algemene vergadering gehou. Die ses afgevaardigdes van die Algemene Sinode het drie persone uit die Sinode van Wes-Kaapland ingesluit naamlik Melanie Thirion, Elize Morkel en Nelis Janse van Rensburg. Die vergadering het saamgeval met die 500-jaar-herdenking van die 16de-eeuse reformasie wat deur Martin Luther in Wittenberg in Duitsland van stapel gestuur is.

Twee dokumente is tydens die konferensie onderteken. Die eerste is 'n ooreenkoms tussen die WGGK en die Lutherse Wêreld Federasie waarin verklaar word dat daar nie meer substansiële teologiese verskille is wat die tradisies uitmekaar behoort te hou nie. Die tweede dokument wat onderteken is, die "Joint Declaration on the Doctrine of Justification" (JDDJ), is ewe-eens buitengewoon betekenisvol. Dit verklaar dat die Rooms-Katolieke Kerk, die Metodiste, die Lutherane en die Gereformeerdes van die wêreld dit eens is dat 'n mens alleen op grond van God se genade en deur geloof die ewige lewe kan beërwe. Dit is 'n monumentale oomblik in die geskiedenis van die verhouding tussen hierdie vier kerklike tradisies. As geskille van hierdie omvang bygelê kan word, behoort ander geskille nie Christelike kerke van mekaar te vervreem en eenheidsprosesse onbepaald te vertraag nie.

Die moderamen neem kennis.

BESLUIT 2017/23

Die moderamen gee opdrag aan die moderatuur om kontak te maak met die plaaslike Lutherse Kerk en die moontlikheid te ondersoek om die ooreenkoms te Wittenberg saam met hulle te vier.

7.3 KNYSNA BRANDE

Die Knysna/Plettenbergbaai-brande aan die begin van Junie 2017 het duisende mense se lewens ontwig en letsels gelaat wat nog vir baie jare families en gemeenskappe se diepste vrese vir verlies sal versterk.

Die moderamen neem kennis.

7.3.1 Sinodale Taakspan Suid-Kaap Ramp

Diaconia het leiding geneem met ondersteuning aan die rampgebied. Die sinodale taakspanne vir kommunikasie, ondersteuningsdienste en predikantebegeleiding het effektief saamgewerk met die Ring van George en die Ring van Knysna.

Die moderamen neem kennis.

7.3.2 Ondersteun en Bemagtig Ringe en Gemeentes

Die strategie was deurgaans om verantwoordelikheid na die ring af te wentel en elke moontlike vorm van ondersteuning beskikbaar te maak. Die voorsitter van die Ring van Knysna, Anton Louw, was egter deurlopend deel van alle besluitneming.

Die moderamen neem kennis.

BESLUIT 2017/24

Die moderamen

1. spreek sy medelye uit met almal wat beproef is deur die dood van geliefdes en die verlies aan besittings of enigiets wat kosbaar was en bid dat die Here op 'n wonderlike manier aan almal troos sal bied.
2. verbind hom tot voortgesette ondersteuning aan die mense wat geestelik, sielkundig, emosioneel, of op watter wyse ook al, deur die ramp geaffekteer is.
3. spreek sy dank uit aan almal, insluitende sinodes, die ringe van Knysna en George, asook gemeentes, gelowiges en alle ander persone en instansies wat bygedra het om die nood tydens die Knysna-ramp te verlig.
4. spreek sy dank uit teenoor Diaconia vir hulle leiding en inisiatief met hulpverlening tydens die ramp en die afloop daarvan.
5. spreek in die besonder dank uit teenoor Nioma Venter wat leiding geneem het en onvermoeid gewerk het om die projek te koördineer, asook aan die lede van die Knysna-ramp Taakspan wat ondersteuning verleen het.
6. versoek Diaconia om 'n strategie te ontwikkel vir toekomstige ondersteuning aan gemeenskappe, gemeentes en ringe in rampgebiede.
7. roep gemeentes op om vir die volgende jaar, elke Sondag die naaste aan die sewende van elke maand te dink aan die mense in die rampgebied.

Anton Louw bedank die Sinode van Wes-Kaapland, asook vir die breër verband van die NG Kerk vir die bystand en ondersteuning tydens hierdie noodtoestand. Dit was vir hom 'n diep ervaring van meelewing en broederskap.

7.4 KLEIN GEMEENTES

Die moderamen neem kennis.

7.5 DIE MODERAMENVERGADERING VAN 7-8 MAART 2017

Die moderamen neem kennis.

7.6 STREEKSBYEENKOMSTE

Die moderamen neem kennis.

7.7 BELYDENISGRONDSLAGVERANDERING

Tydens die streeksbyeenkomste is die kwessie van die aanvaarding van die Belydenis van Belhar onder die aandag van die teenwoordiges gebring. Die voorsitter het verduidelik dat die NG Kerk in Wes-Kaapland die Algemene Sinode oortuig het dat dit vir elke afsonderlike sinode moontlik behoort te wees om verdere belydenisskrifte te kan aanvaar. Dit was 'n besluit van die sinode om sodanige versoek te rig. Die Algemene Sinode het bepaalde voorwaardes gestel, naamlik dat deelnemende sinodes hulle behoefte aan verdere belydenisvorming aan die Algemene Sinode moet voorlê - wat sal bepaal of die onderhawige belydenisskrif moontlik in stryd met die Skrif of Drie Formuliere van Eenheid is. Toestemming is aan die Sinode van Wes-Kaapland gegee om die Belydenis van Belhar te bely.

Die voorsitter het ook verduidelik dat die prosedure wat gevolg moet word nie behels dat lidmate weer hoof te stem nie. Kerkrade moet getoets word. Indien twee-derdes van kerkrade instem, kan die sinode besluit om die belydenisskrif as sodanig te bely.

Daar is ook verduidelik waarom die Belydenis van Belhar in ons tyd baie sterk seggingskrag het, veral vanweë die getuienis wat dit lewer teenoor die owerhede van ons tyd.

Die moderamen het versoek dat die moderatuur verder besin oor die proses om die Belydenis van Belhar in die Sinode van Wes-Kaapland te hanteer.

Die moderamen neem kennis.

7.7.1 Belydenisverandering

7.7.1.1 Agtergrond

Artikel 1 van die Kerkorde bepaal die belydenisgrondslag van die NG Kerk. Al die sinodes wat deel vorm van die Algemene Sinode, is verbind tot hierdie belydenisgrondslag. Die Algemene Sinode het egter in 2015 aan deelnemende sinodes die bevoegdheid verleen om, onderhewig aan sekere voorwaardes, ander belydenisskrifte in die bepalinge van die sinode op te neem. Hierdie vergunning, met die voorwaardes daaraan gekoppel, word bepaal in artikel 35.7 van die Kerkorde.

Aangesien die Algemene Sinode reeds besluit het dat die Belydenis van Belhar nie in stryd is met die Skrif, die Formuliere van Eenheid en die erkende ekumeniese belydenisse nie, en aangesien die Sinode van Wes-Kaapland reeds met 'n meerderheidstem van 82% besluit het dat die Belydenis van Belhar in die belydenisgrondslag van die sinode opgeneem moet word, kan die sinode nou van die bevoegdheid gebruik maak om die belydenisgrondslag uit te brei, onderhewig aan die voorwaardes soos bepaal deur die Algemene Sinode.

Die Regskommissie van Wes-Kaapland het ook na die Kerkorde gekyk en sonder om die meriete daarvan te beoordeel 'n kerkregtelike weg aangedui hoe so 'n proses in die Wes-Kaap sal moet geskied. Die kerkregtelike weg is suiwer volgens die Kerkorde se artikel 35.7 uitgestip. Daar is egter een saak waarvoor duidelikheid gekry moet word naamlik die universalis-beginsel.

7.1.1.2 Universalis-beginsel

In die verlede het regsadvies aangedui dat die NG Kerk van belydenis kan verander op drie maniere:

- 1) Indien al die sinodes uit die Algemene Sinodale verband tree en weer toetree tot 'n ander "Algemene Sinode" (Art 37).
- 2) Indien die regering met wetgewing die kerk help en
- 3) Indien al die lidmate daarvoor toestemming gee (Universalis-beginsel).

Volgens die universalis-beginsel wat in die Koppieshofuitspraak van 1998 duidelik blyk, moet die gemeente self toestemming gee tot identiteitsverandering en nie net die kerkraad nie. Die universalis-beginsel is dat die kerk gesien word as 'n vrywillige vereniging en in so geval moet al die lede tot identiteitsverandering instem.

Met die Appèlhofuitspraak: (saak nr. 536/96 regter Viviers en Harmse: NGKA vs VGK Nov 1998 / en Hooggeregshof-uitspraak saak Nr. 2287/1999 regter C J Musi) is bevind dat met die identiteitsverandering die hele gemeente se toestemming verkry moet word en nie net twee derdes nie. Die Algemene Sinode het probeer om die beginsel te ondervang met die byvoeging van reglement 24 waar lidmate ook moet stem en gereken dat twee derdes genoeg sal wees. Steeds is daar nie regsekerheid hieroor nie. Die byvoeging van "tweederdes van kerkrade" is dus 'n nodelose oefening wat nie veel gaan beteken indien die kerk se verandering van sy belydenis gehandhaaf moet word teenoor die betekenis van hierdie uitspraak nie. Solank as wat die kerk beskou word as 'n vrywillige vereniging kan selfs hierdie byvoeging nie waarborg dat twee derdes van 'n gemeente genoeg sal wees dat 10 of meer lidmate aanspraak kan maak op die regs persoon van die oorspronklike gemeente nie.

Tog, in die lig van 'n baie goeie motivering by die Algemene Sinode het die Algemene Sinode ten spyte van die risiko's daaraan verbonde, besluit om vir Wes-Kaap en ander sinodes toestemming te gee oor die belydenis van Belhar. Die Wes-Kaap sinode is dus in staat gestel om so 'n besluit te neem.

Die risiko is egter dat ons in die hof kan beland en die hele geestelike motivering en wonderlike motiewe eenkant toe kan rangeer. Die Wes-Kaap sinode moet dus seker maak dat ons goeie en regte tree gee in die goeie ideaal wat ons het. Daar is by baie mense ook twyfel of die Algemene Sinode werklik na regte so 'n besluit kon neem om vir 'n sinode toestemming te gee oor die sogenaamde identiteitsverandering. Dit is goed om eerder 'n tree te gee om regsekerheid te kry wat die beste weg sal wees om te volg om die oogmerk te bereik. In die lig van bogenoemde het die moderatuur besluit om die moderamen te vra om deeglike senior regsadvies te bekom van 'n senior advokaat.

BESLUIT 2017/25

Die moderamen

1. gee opdrag aan die moderatuur om regsadvies in te win deur 'n senior advokaat te raadpleeg, met die oog op regsekerheid ten aansien van die universalis-beginsel.
2. versoek dat indien die senior advokaat dit aanbeveel, verdere aksie te neem, deur byvoorbeeld 'n hoër hof te nader met die oog op 'n bevel, met die oog op verkryging van regsekerheid.
3. versoek die Sinodale Taakspan vir Fondse en Administrasie om die nodige fondse beskikbaar te stel sodat die bostaande opdrag aan die moderatuur uitgevoer kan word.

7.8 GESPREK MET DIE SINODALE KOMMISSIE VAN DIE VGK KAAPLAND OP 3 AUGUSTUS 2017

Twaalf lede van die moderamen het die SK-vergadering van die VGK Kaapland op Donderdag 3 Augustus bygewoon. Die NG Kerk is hartlik ontvang en openhartige gesprekke is gevoer. Die SK het,

nadat die NG afvaardiging weg is, eenparig besluit om weer 'n konvent te hou tussen verteenwoordigers van die twee kerke. Daar is ook 'n besluit geneem deur die moderatuur van die VGK om die NG Kerk moderatuur te nooi na 'n gesprek tussen die twee moderature.

Die moderamen neem kennis.

BESLUIT 2017/26

Die moderamen neem met dank kennis van die gesprek tussen afgevaardigdes van die moderamen en die Sinodale Kommissie van die VGK Kaapland en besluit om:

- 1. 'n konvent te hou waartydens verteenwoordigers van die VGK Kaapland en die NG Kerk in Wes-Kaapland mekaar sal ontmoet;**
- 2. die moderatuur opdrag te gee om voort te gaan met die reëlings van 'n konvent.**

Verskeie lede van die vergadering bevestig dat die voorstel om 'n konvent te hou baie positief ontvang word en as 'n deurbraak vir die Koninkryk van God gesien moet word. Die voorsitter vra dat Hannes Theron 'n gebed doen.

7.9 LEIERSKAP VAN KERKRAADSLEDE

Die moderamen neem kennis.

7.10 AANSTELLING VAN UNIVERSITEIT STELLENBOSCH DEKAAN

Prof. Reggie Nel, tans verbonde aan die Departement van Christelike Spiritualiteit, Kerkgeskiedenis en Missiologie aan die Universiteit van Pretoria, is aangestel as die nuwe dekaan van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit Stellenbosch. Prof. Nel is 'n lidmaat van die Verenigde Gereformeerde Kerk en 'n oud-student van die Universiteit Stellenbosch se Fakulteit Teologie. Gelukwensings van die Kuratorium en die moderatuur is aan hom oorgedra.

Die moderamen neem kennis.

BESLUIT 2017/27

- 1. Dat die moderamen sy volle ondersteuning gee aan gesprekke tussen die Kuratorium en die Teologiese Fakulteit (US) om 'n inklusiewe ruimte by die Fakulteit te skep vir alle studente en dosente.**
- 2. Dat professor Nel genooi word om by 'n volgende vergadering die moderamen te kom besoek.**

7.11 DATUM SINODE 2019

Die moderatuur stel voor dat die sinode van 13 tot 17 Mei 2019 by Goudini gehou word.

BESLUIT 2017/28

Die moderamen besluit dat die vergadering van die Sinode van Wes-Kaapland van 13 tot 17 Mei 2019 by Goudini gehou sal word.

7.12 BYEENKOMS VIR VROUE IN BEDIENINGE VAN DIE WES-KAAPSE SINODE VAN DIE NG KERK

Die moderamen neem kennis.

BESLUIT 2017/29

Die moderamen neem met dank kennis van die boodskap van die vrouebyeenkoms te Stellenbosch en versoek die moderatuur om die terugvoer te verwerk en moontlike verdere prosesse te bepaal.

7.13 POSTE**BYLAAG 14**

Die moderatuur het drie versoeke van diensgroepe van die sinode ontvang met die doel om wysigings aan te bring aan die PSD- en seniorwerknemer posbedeling van die NG Kerk in die Sinode van Wes-Kaapland.

7.13.1 Getuienisaksie: PSD vir Getuienis deur Gemeentes en Verbandsbediening

Die Gesamentlike Kommissie vir Getuienis het sedert die proses van herstrukturering steeds 'n vakature vir 'n 50%-pos met die oog op evangelisasie. Daar het ook 'n vakature ontstaan in die posbedeling van die Diensgroep vir Gemeentebegeleiding en wel by Nuwe Geloofsgemeenskap Ontwikkeling (NGGO).

Die Diensgroep vir Gemeentebegeleiding het voorgestel dat die pos by die Gesamentlike Kommissie vir Getuienis gesetel word, maar dat 'n ooreenkoms tussen die Diensgroep vir Gemeentebegeleiding en die Gesamentlike Kommissie vir Getuienis aangegaan word met die oog op die deel van die posbektel tussen die twee diensgroepe.

BESLUIT 2017/30**Die moderamen**

1. keur goed dat 'n voltydse pos vir predikant in sinodale diens (PSD vir Getuienis deur Gemeentes en Verbandsbediening) geskep word.
2. keur die posbeskrywing vir die pos goed (Bylaag 14).
3. keur goed dat die posbektel vir funksies in twee diensgroepe verantwoordelik is en dra dit aan die SKS op om te verseker dat daar sinergie bestaan in die werksaamhede van die pos in die twee diensgroepe.
4. keur goed dat die pos gevul word deur 'n VGK-predikant en dat die Gesamentlike Kommissie vir Getuienis verteenwoordigers van die Diensgroep vir Gemeentebegeleiding moet insluit in die keuringsproses van kandidate vir die pos.
5. gee opdrag aan die Gesamentlike Kommissie vir Getuienis om in oorleg met die Diensgroep vir Gemeentebegeleiding en die moderatuur 'n evangelisasiestrategie te finaliseer om aan die volgende vergadering van die moderamen voor te lê.

7.13.2 Vakature by die Argief

Die Hoofbeampte van die Argief (Liesl Rabie) het na agtien maande haar dienste op 30 Junie 2017 beëindig. Onderhoude is gevoer en 'n uitstekende kandidaat is gevind. Die posvlak-12 pos as hoofbeampte is egter ver benede die betrokke se huidige vergoeding. Die Sinodale Taakspan vir die Argief het voorgestel dat die pos van Hoofargivaris omskep word in die pos van Bestuurder: Argief. Dit bring mee dat die Saakgelastigde van sy 10% plig by die Argief verlos word en dat die Bestuurder: Argief op 'n meer markverwante posvlak aangestel word. Die moderamen word dus versoek om 'n nuwe pos (posvlak 13) te skep vir 'n Bestuurder: Argief. Hierdie bestuurder vervang die pos van 'n hoofargivaris.

BESLUIT 2017/31

Die moderamen neem kennis van die behoefte aan 'n bestuurder by die Argief en die behoefte om die Argief se bestuurslas van die Saakgelastigde weg te neem.

Die moderamen besluit:

1. om die Saakgelastigde se posbeskrywing sodanig te wysig dat hy nie meer die bestuurder van die Argief is nie.
2. dat die hoofargivaris/hoofbeampte se pos omskep word in 'n bestuurspos (Bestuurder: Argief).

3. dat die Diensgroep vir Ondersteuningsdienste begroot vir 'n addisionele 10% (in die plek van die 10% van die Saakgelastigde wat na die Argief skuif).
4. dat die SDO jaarliks 'n bedrag (R50 000 in 2018) begroot om die Argief se begroting mee aan te vul.

BESLUIT 2017/32

Die moderamen keur die wysiging in die pligtestaat van die Bestuurder: Argief goed. (Sien Bylaag 14)

7.13.3 Die uitbreiding van die pos van die Saakgelastigde

Bossie Minnaar het sedert sy aanstelling as Saakgelastigde die 10%-pos van bestuurder van die Argief beklee. Die PPF waar hy hoofbeampte is, dra tans 50% van die saakgelastigdepos. Die Saakgelastigde is dus effektief in 'n 40%-pos by die sinode. Intussen het die Saakgelastigde verskeie take bygekry, soos byvoorbeeld:

- die 10%-bestuurspos by die Argief;
- die eiendomsbestuurder se pos is afgeskaf en die Saakgelastigde het die verantwoordelikheid oorgeneem;
- die taakspan vir kommunikasie is van die Sinodale Taakspan vir Leer en Aktuele Sake na die Diensgroep vir Ondersteuning verskuif en het deel van die Saakgelastigde se verantwoordelikhede geword;
- die skribaats van die Sinodale Koördineringspan, saam met die maandelikse vergaderings;
- die bywoon van die moderatuursvergaderings;
- die versoek om betrokke te raak by die Goeie Hoop Behuisingsmaatskappy;
- lid van die direksie van die Nasionale Instituut vir Dowes;
- lid van die direksie van die Nasionale Instituut vir Blindes;
- die reël van sinodesittings.

Dit is dus dringend nodig dat die pos van die Saakgelastigde herdink moet word.

BESLUIT 2017/33

Die moderamen versoek die moderatuur om 'n taakspan saam te stel met die oog op die evaluering van die pos van die saakgelastigde en gee 'n mandaat aan die moderatuur om na oorleg met die Diensgroep vir Ondersteuning die saakgelastigde se pligtestaat aan te pas.

Met die indienstreding van die Bestuurder: Argief verander die pligtestaat van die Saakgelastigde deurdat sy pligte by die Argief verwyder word.

BESLUIT 2017/34

Die moderamen keur die wysiging in die pligtestaat van die Bestuurder: Argief goed. (Sien Bylaag 14)

7.13.4 PSD vir die Seminarium: Dr. Eddie Orsmond

Die Diensgroep vir Toerusting is verantwoordelik vir die Seminarium. Dr Eddie Orsmond beklee 'n 50%-pos wat gefinansier word uit fondse afkomstig uit beleggingsopbrengste van die Kuratorium. Die Diensgroep het versoek dat die seminariumpos vergroot word na 'n 60%-pos. Hierdie versoek word ondersteun deur die verslag van die Bestuurder: Menslike Hulpbronne. 'n Deeglike evaluasie van die pos is gedoen en verslag is op 21 November 2017 gedoen aan die Kuratorium. Die diensgroep het ook versoek dat die Sinode van Wes-Kaapland die primêre werkgewer van die posbekleër word.

BESLUIT 2017/35

Die moderamen:

1. besluit om die 50%-pos van die PSD: Seminarium te vergroot na 'n 60%-pos.
2. keur die gewysigde posbeskrywing soos aanbeveel deur die Diensgroep vir Toerusting goed.

3. besluit dat die 60%-pos 'n termynkontrakpos sal wees vir 'n tydperk van drie jaar met die moontlike opsie om dit verleng met 'n verdere twee jaar.
4. besluit om dr. Eddie Orsmond te beroep om die pos te beklee van PSD vir die Seminarium.
5. besluit dat die strategie, pligte, werksprestasie en omvang van die pos weer na drie jaar geëvalueer moet word en indien die pos voortgesit word vir 'n verdere twee jaar, ook aan die einde van daardie termyn.

7.13.5 PREDIKANTEBEGELEIDING

Ds. Theunis Botha is beroep as predikant met die oog op die begeleiding en ondersteuning van die predikante van die sinode. Hy het op 1 Junie diens aanvaar.

Die moderamen neem kennis.

7.14 JONGPREDIKANTEBYEENKOMS

'n Byeenkoms vir predikante in ons sinodale gebied jonger as 35-jaar is deur die moderatuur gehou met die oog op leierskapontwikkeling en roepingsverstaan. Die groep het een nag op Robbeneiland oorgeslaap. Twee en twintig jong leraars, en ses lede van die moderatuur het die geleentheid bygewoon.

Die moderamen neem kennis.

7.15 NUWEPREDIKANTEBYEENKOMS

Die moderatuur, in samewerking met die SKS, het in Julie die nuwe predikante in die sinodale gebied bymekaar gebring vir 'n dag van bekendstelling aan ons sinodale personeel en kantore.

Die moderamen neem kennis.

7.16 SELFDEGESLAGVERHOUDINGS

Die STLAS dagbestuur het, soos versoek, 'n gesprek gereël tussen verteenwoordigers van IAM, die gemeentes in die Wes-Kaapland wat te kenne gegee het dat hulle verskil met die Buitengewone Algemene Sinode in 2016 se besluit en 'n meer inklusiewe benadering wil volg, asook lede van STLAS en die lede van die moderatuur. Die gesprek het plaasgevind op 27 Julie 2017 by die Kweekskool. Dit is bygewoon deur 40 predikante en enkele kerkraadslede. In hierdie stadium lyk dit of daar 'n behoefte is by sommige dat hierdie gesprek ook in hulle gemeentes gevoer word. Daar blyk ook 'n behoefte te wees aan 'n pakket wat gemeentes en lidmate sal help met hulle eie besinning oor die saak. STLAS is besig met die saamstel van so 'n pakket.

Die moderamen neem kennis.

1. BESLUIT 2017/36

Die moderamen versoek die Sinodale Taakspan vir Leer en Aktuele Sake om:

- 1.1 gemeentes te ondersteun met gesprekke oor seksualiteit en selfdegeslagverhoudings;
- 1.2 op 'n inklusiewe wyse voorstelle te formuleer met die oog op moontlike standpuntinname deur die sinode in 2019;
- 1.3 die voorgestelde standpunte aan die moderamen tydens sy vergadering van Maart 2018 voor te lê.

2. BESLUIT 2017/37

- 2.1 Die moderamen kies 'n prosesbenadering om tot 'n besluit te kom oor LGBTI-verhoudings en neem sy voorgestelde standpunte van Maart 2018 na die kerkrade vir bespreking en kommentaar;
- 2.2 SKLAS neem die terugvoer van die kerkrade ter tafel, oorweeg moontlike hersiening van die voorstelle van die moderamen oor LGBTI-verhoudings van Maart 2018, en lê dit voor aan die moderamen in Augustus 2018.

7.17 MULTIKULTURALITEIT

Die moderamen het by sy vorige vergadering diepgaande besin oor die multikulturele karakter van die NG Kerk. Ons het verstaan dat die vestiging van groter multikulturaliteit van ons gemeentes krities belangrik is. Ons is dankbaar om te sê dat die Here juis hierin vir ons deure oopmaak wat baie geleentheid bied. Die aanvaarding van die tussen-orde (tussen die VGK en die NG Kerk se Algemene Sinodes), sowel as 'n positiewe begeleidende brief van die moderature uit die familie van NG kerke, skep baie opsies.

Die moderamen neem kennis.

7.18 JEUGBEDIENING

Die Diensgroep vir Gemeentebegeleiding het tydens die vorige vergadering van die moderamen 'n omvattende jeugstrategie aan die moderamen voorgelê. Die uitstaande item in die strategie is 'n toegespitste strategie vir die bediening van werkende jongmense. Anriëtte de Ridder, die PSD vir Jeugbediening, neem leiding hiermee en rapporteer alreeds tydens hierdie vergadering iets daarvan.

Die moderamen neem kennis.

7.19 NUWE KERKORDE VIR 'N MISSIONALE KERK

BYLAAG 15

Die moderamen van die Sinode van Wes-Kaapland het besluit om inisiatief te neem en die volgende Algemene Sinode vergadering te bedien met 'n voorstel (beskrywingspunt) oor 'n nuwe kerkorde vir 'n missionale NG Kerk.

Daar is reeds onder leiding van die Regskommissie in Oktober 2016 'n werkwinkel gehou by Zikomo en dit het bepaalde uitkomstige gehad (sien Bylaag 16: Verslag van Zikomo Werkwinkel). Om die proses nou verder te neem en om die beskrywingspunt so deeglik as moontlik voor te berei, word nou 'n opvolgwerkwinkel gehou. Om soveel rolspelers as moontlik vanuit ander sinodes te betrek en om reis- en verblyftekoste te bespaar, word beplan om vyf lede van die Regskommissie na Pretoria te stuur om 'n opvolgwerkwinkel te hou.

BESLUIT 2017/38

1. Die moderamen neem kennis van die Zikomoverslag en die vordering wat gemaak is.
2. Die moderamen neem verantwoordelikheid vir die volgende werkwinkel vir 'n missionale kerkorde van die Regskommissie in November 2017 in Pretoria en bewillig R29 000 vir die projek.

BYLAAG 16

7.20 EMERITI-TEE

Die jaarlikse emeriti-tee is telkens 'n uitstekende kommunikasiegeleentheid met afgetrede predikante en hulle eggenote. Dit het ook besondere betekenis vir die lede van die kerk se pensioenfonds wat 'n geleentheid het om vrae te vra aan die hoofbeampte van die fonds, ds Bossie Minnaar.

BESLUIT 2017/39

Die moderamen besluit:

1. dat daar nie vanjaar 'n emeriti-tee op George aangebied word nie, maar dit te laat oorstaan na volgende daar om saam te val met die streeksbyeenkoms.
2. dat die emerititee in die Skiereiland soos gewoonlik in die laaste kwartaal plaasvind.

8. RESTITUSIE

Braam Hanekom deel sy indrukke oor noodsaaklikheid van die gesprek oor restitusie met die vergadering. Hy onderstreep die ononderhandelbare feit dat restitusie op ons agenda is en dat ons daarmee sal moet handel. Die vraag is: hoe herstel ons die realiteit van die geweldige verdeeldheid

wat onteining en bevoorregting in ons land gebring het? Watter rol behoort die kerk hierin te speel?

9. REGSKOMMISSIE

9.1 SAMESTELLING VAN DIE DIENSGROEP DIAKONIA

BYLAAG 17

Quintus Heine het 'n ontleding gedoen oor die samestelling van die Diensgroep Diakonia, die wettigheid van die reglemente van SKDB en Diakonia, asook die samestelling van die lede-vergadering van Badisa.

Die moderamen neem kennis van die verslag en neem die volgende besluite.

BESLUIT 2017/40

1. Die moderamen besluit dat die inhoudelike van die Gesamentlike Diensgroep van Diakonaat waaroor die NGK en die VGKSA (Kaapland) ooreengekom het, die reglement moet vorm van die Gesamentlike Kommissie vir Diakonaat. Die moderamen wys daarop dat die 2011-reglement vir die Gesamentlike Diensgroep vir Armoede en Sorg die enigste wettige reglement vir die diensgroep is omdat dit die enigste dokument is wat inhoudelik deur beide kerke goedgekeur is.
- 2.1 Die moderamen gee opdrag aan die aktuaris om saam met die voorsitter van die SKDB en die PSD: SKDB, met verslag aan die moderatuur, die SKDB-reglement so te skryf dat al die werksaamhede van die SKDB wat uit die huidige reglement uitgeval het weer daarin opgeneem word.
- 2.2 Die moderamen besluit dat nadat die moderatuur die opgedateerde reglement goedgekeur het, die SKDB daarvolgens kan funksioneer. Hierdie reglement sal as tussentydse reglement tot en met die volgende vergadering van die sinode dien.
3. Die moderamen vul die vakature op die ledelys van Badisa aan met die name wat die moderatuur sal verskaf. (Die moderatuur het volmag hiervoor.)
4. Die moderamen betuig sy dank aan Averell Rust vir die jare wat hy as Uitvoerende Hoof van Badisa opgetree het en wens hom sterkte toe met sy gesondheid.
- 5.1 Die moderamen wys die Badisa lede-vergadering daarop dat die Uitvoerende Hoof van Badisa 'n gelegitimeerde predikant van die NGK of VGK moet wees en bid hulle sterkte toe met die proses om die nuwe PSD aan te stel.
- 5.2 Die moderamen wys die Badisa lede-vergadering daarop dat Badisa 'n kerklike organisasie is en versoek hulle om seker te maak dat die kerk se missionale getuienis uitgevoer word.
6. Die moderamen besluit om 'n proses te begin om te herbesin oor die beheerstruktuur van Badisa. 'n Taakspan bestaande uit : Quintus Heine, DP Carelse (VGK Aktuaris), Nelis Janse van Rensburg (voorsiter van die moderamen), Charl van Rensburg (Voorsitter Badisa), Gerome Haupt (o/Voorsitter Badisa) en die PSD's vir SKDB, Nioma Venter, en SKDD, Sean Esterhuizen, word hiervoor aangewys.

Vriendelike groete



Ds Charl Stander

Skriba van die Sinode

084 234 1155

charl@parke.co.za

skriba@kaapkerk.co.za